## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## ACIM Gespreksgroep

ACIM op Donderdag 20 September 2012
Kom reis saam met ons in hierdie amazing boek
Kontak Terblanche vir meer info

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

___________________________________________

**E-Mail**______________________ **Sel**______________

**Woonadres**

___________________________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
Biccard Straat (Kolping Centre is aan jou regterkant)
Durbanville

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | **BAIE DANKIE**<br>Ons vra vir 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |
|---|---|



# Neo-Spektrum

**16 September 2012**

**OM DANKIE TE SÊ**

**'n Wysheidsirkel wat ons vrymoedig ons TUIN noem**

## STILTE IN DIE KAPEL

~ A Voice from the Inside ~ Ennio Morricone ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Vertrou die stem van jou siel
wat in jou hart praat
Vertrou jou hart se stem
wat in jou gedagtes roep
Vertrou die liefde
wat in en deur jou vloei
Vertrou die waarheid
wat in jou leef
Vertrou die proses van Lewe
waarin en waaruit jy leef

Geloof is die begin van liefde,
liefde is die begin van vergiffenis,
vergiffenis is die begin van verandering,
verandering is die begin van versoening
en versoening is die begin van 'n mistieke
Eenheid met die Goddelike

## STILTE VAN BUITE

~ Soy Marco — Uit: Talk to Her ~

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

**Gee jou hart ♥ vir God beteken:**
**— I surrender to my brighter Self**
**by doing good beautifully —**
**My verlede word opgegee (let go)**
**My hede word voor omgegee (care)**
**My toekoms word oorgegee (surrender)**

"I cannot change the world but I can change the way I think about the world and when I change the way I think about the world, suddenly the world changes" (ACIM)

Give me your failure, God says, and I will make life out of it. Give me your broken, disfigured, rejected, betrayed lives and I will make life out of it. This is the divine pattern of promise and transformation which gives such hope to a 'NEW' life. (Father Richard Rohr)

"Ek het gekom sodat julle LEWE kan hê, en dit in oorvloed." - Johannes 10:10

**Deut 29:4** — En tog het die Here tot nou toe vir julle verstand gegee om te verstaan, oë om te sien en ore om te luister .

**Matt 6:3-8** — Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word. Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang. Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word. Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

**Jesaja 58:11** — Die Here sal jou altyd deur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie.

Water — **Johannes 7:37-38** *"As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei"* en dieselfde skrywer in **Openbaring 21:6** *"Ek sal jou wat dors het, gee om te drink uit die fontein van die water van die lewe – verniet!"*

Your peace lies in its limitlessness. Limit the peace you share, and your Self must be unknown to you. Every altar to God is part of you, because the light He created is one with Him. Would you cut off a brother from the light that is yours? You would not do so if you realized that you can darken only your own mind. As you bring him back, so will you return. That is the law of God, for the protection of the Wholeness. (ACIM)

*"Gardens are not made by singing "Oh... how beautiful" and sitting in the shade.."*
*~ Rudyard Kipling ~*

## YOU COULD ONLY GIVE WHAT YOU HAVE AND HAVE WHAT YOU GIVE !!

~ Piano Concerto No.1 in E minor – Larghetto — Chopin ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Dit was 'n jaar wat 'n nuwe seisoen*
*met oorvol, oorloop, oorgenoeg seëninge gebring het.*
*Die GOEIE dae was toe ons onthou het wie ons IS*
*en dat ons altyd 'n keuse het hoe ons gaan reageer op dit wat gebeur.*
*Die BETER dae was toe ons nie vergeet het dat of ons wegstap of*
*terugstap na U, U stap nooit sonder ons nie.*
*Die BESTE dae was dae van herinnering dat ons één is met U*
*en dat niks en niemand ons van U kan skei nie.*
*Verander ons. Vernuwe ons.*
*Laat ons die betekenis van 'n nuwe seisoen besef en beleef.*

16 Ek bid dat Hy deur sy Gees
uit die rykdom van sy heerlikheid
aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word,
17 dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon
en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.
18 Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges
te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep
die liefde van Christus strek.
19 Mag julle sy liefde ken,
liefde wat ons verstand te bowe gaan,
en mag julle heeltemal vervul
word met die volheid van God.
— Efesiërs 3:16-19 —

---

## AS ONS UITSTAP

~ In This Heart — Sinéad O'Connor ~